# Die Geestelike Wêreld Deel 5: Die stryd vir waarheid

**(Efe 2:2-3)** Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld **en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte**, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is. **So het ons trouens vroeër ook almal gelewe**. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het.

**(2 Kor 11:1-2)** Nou wil ek hê julle moet 'n bietjie dwaasheid van my kant verdra! Ja, verdra my maar! Ek waak oor julle met 'n ywer wat van God kom, want julle is soos 'n jongmeisie wat ek aan een man toegesê het as sy bruid en wat ek vlekkeloos na hom toe wil bring. Die man is Christus.

**(2 Kor 11:3-4)** Maar ek is bang dat julle gedagtes weggelei sal word van die onverdeelde en suiwere toewyding aan Christus, net soos Eva verlei is deur die listigheid van die slang**.** As iemand ’n ander Jesus kom verkondig as wat ons verkondig het, of ’n ander Gees of ’n ander evangelie aanvaar as dié wat julle van ons ontvang het, is julle só maklik tevrede daarmee.

**(2 Kor 11:13-15)** Want sulke mense is vals apostels; hulle is bedrieglike werkers wat voorgee dat hulle apostels van Christus is. Geen wonder nie! Satan self gee immers voor dat hy ’n engel van die lig is. Daarom is dit ook niks besonders dat sy diensknegte hulle voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Hulle uiteinde sal wees wat hulle volgens hulle dade verdien.

**(Markus 12:24)** Jesus sê vir hulle: “Is die rede waarom julle dwaal, nie juis dat julle nie die Skrif ken nie en ook nie die krag van God nie?

**(Markus 13:5)** En Jesus antwoord hulle en begin te sê: Pas op dat niemand julle mislei nie.

**(2 Tess 2:9-11)** Deur die werking van die Satan sal die verskyning van die wettelose gepaardgaan met groot magsvertoon en allerhande vals tekens en wonders en met gruwelike misleiding van dié wat verlore gaan, **omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie**. Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee, sodat hulle die leuen sal glo.

**(2 Kor 10:3-5)** Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,

**(Joh 8:31-32)** En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.


TOT VOLGENDE KEER
GAAN WEES 'N GETUIENIS VIR ONS HERE JESUS CHRISTUS